# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 4

23 Augustus 2020

## Genesis 4

Wat wil God regtig van my hê? Totdat ons die vraag beantwoord, is dit soos om 'n legkaart in die donker te probeer bou. Daar is 'n prentjie en stukke wat êrens heen gaan ... maar dit voel asof dinge lukraak rondbeweeg ... beproewing en fout.

Kan ons selfs die antwoord weet? Ja.

In Genesis 4 maak Kain uiteindelik sy broer Abel dood. Hulle probleem het begin toe Kain “van die opbrengs van die land ‘n offer aan die Here gebring” het, terwyl Abel “van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle vet” aangebied het (Genesis 4: 3-4). Kain het net die beste van sy land aangebied. Abel het die beste van sy kudde gekies.

God wil die beste van ons hê, en Hy wil ook die beste vir ons hê. God wil ons beste hê. Hy wil die beste van ons tyd, talent en hulpbronne hê. Ons kan Hom die beste tyd gee deur ons Bybel te lees en te bid wanneer ons nuutste is. Ons kan ons gawes gebruik om Hom te dien en Hom die beste van ons talente te gee.

Maar vêrder, God wil die beste van ons hê, en Hy wil ook die beste vir ons hê. Kain was bedruk omrede die Here nie sy offer aanvaar het nie, maar God sê toe vir hom: “Wag daar nie vir jou blydskap as hy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers” (Genesis 4: 7). God wou hê dat Kain die inhoud van sy hart moet regmaak, en nie net die inhoud van sy offer nie. God wou hê dat Kain in sy lewe oor die sonde moes regeer en nie daardeur regeer word nie. Hy wou hê Kain moet die beste Kain wees wat hy kon wees.

God wil hê dat ons die beste moet wees wat ons kan wees. Hy gee ons wat ons nodig het om swakheid en sonde te oorkom. As ons met God se krag kies om Hom ons beste te gee, maak Hy ons tot die beste moontlike weergawe van onsself.

Dink bietjie hierdie week oor die volgende:

- Is ons jy ‘n plek in ons lewens waar jy jou beste vir God wil en kan gee?
- Is daar 'n area in jou lewe wat jy nie die beste vir God gee nie? Indien wel, wat sal die rede daarvoor wees?
- Wat is 'n stap wat jy vandag kan neem om Hom jou beste op daardie gebied te gee?
- Skryf neer wat God van jou en vir jou wil hê. En, lees dit elke dag.

## Liturgie

### Verwelkoming
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Psalm 108:8-11 -

### Loflied
- Grote God (LB 190) -

### Skriflesing en Oordenking
- Genesis 4:1-26 -

### Wil van die Here (Wet)
- Matteus 16:24 -

### Skuldbelydenis
- Heer, ons kom (LB 237) -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)
- Matteus 11:29-30 -

### Geloofsbelydenis
- Enigste Here (LB 265) -

### Seën en Amen
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
-Ierse Seën -

# Delf dieper

## Stukkende mense

**#Bybelvasvra:**

Wanneer kry ons die eerste weergawes van Genesis soos dit vandag in ons Bybels opgeneem is?

Hierdie gedeelte tot die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Watter foute het jy al in jou lewe gemaak?
2. As jy nou daaroor terug dink, lag jy daaroor of voel jy skaam daaroor? Hoekom?

### 2) Na God:

1. Lees Genesis 4 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wie dink jy is die karakter waarmee jy die meeste kan identifiseer?
3. Wat sou jy sê maak jou stukkende mens (Hierdie hoef jy nie met ander te deel nie)?

### 3) Na mense:

1. Wat beteken dit wanneer die Here vir ons sê Sy juk is sag?
2. Erken hierdie week dat ALMAL stukkend is op een of ander manier en kyk hoe jy dan rondom hulle optree.

# Kain en Abel

## Genesis 4

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel. Dit is die verhaal van Kain en Abel. Klink die twee name miskien vir jou bekend? Hulle is natuurlik Adam en Eva se eerste kinders. Kom ons antwoord nou die volgende vragies oor vers 1-16:



1. Wie is eerste gebore, Kain of Abel?
2. Watter tipe boer was Kain en watter tipe boer was Abel?
3. Wie se offer het God aangeneem?
4. Hoe het die ander boetie toe gevoel?
5. Wat het Kain toe aan Abel gedoen?

Nadat Kian vir Abel doodgemaak het, het God met hom gepraat en vir hom gevra waar sy broer is en later wat hy gedoen het, maar Kian was nie eerlik met God nie. Hy kon nie aan God erken wat hy gedoen het nie.

Dink eers hieroor voordat jy verder lees:

Hoekom dink jy wou of kon hy nie aan God erken wat hy gedoen het nie?

Kian was seker bang of skaam gewees, want hy het geweet hy het iets verkeerd gedoen. Het jy al iets verkeerd gedoen? En as mamma of pappa jou daaroor vra was jy nie eerlik nie, want jy was bang of skaam daaroor? Dit is hoe Kian moes voel.

Maar God het geweet wat Kian gedoen het en hy straf hom toe – ons lees dit in vers 10-12. Verder in vers 13 en 14 lees ons dat Kian sê sy straf is te swaar om te dra en dat iemand wat hom gaan raakloop hom sal vermoor. Met ander woorde, Kian besef wat hy aan sy broer gedoen het sal ander mense aan hom ook kan doen. God is dan genadig teenoor hom en maak sy straf ligter – lees dit in vers 15.

Wat ons uit hierdie gedeelte moet leer is dat ons moet eerlik wees met God. God weet klaar wat ons verkeerd gedoen het, maar ons moet nogsteeds teenoor God erken, uit ons eie uit, wat ons gedoen het. Ons doen almal sonde en ons almal het swakhede, daarom het God vir Jesus gestuur om ons straf vir ons te dra. Daardie dag, toe Jesus aan die kruis gesterf het, is al ons sonde en swakhede vergewe. Maar ons moet aanhou vir God sê as ons iets verkeerd gedoen het en ons moet aanhou ons swakhede erken voor God en vra dat Hy ons vergewe. Ja, dit is soms moeilik om dit te doen, maar wanneer jy dit doen, sal jy ook ophou skuldig voel daaroor en jy sal kan aanbeweeg. En onthou, ons moet ook probeer om nie weer die verkeerde dinge te doen nie en ons moet God elke dag vra om ons daarmee te help.

# Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 23 Augustus** | |
| Heinrich Grundling | 012 803 1711 |
| Carel Reynolds | 084 734 4508 |
| **Maandag 24 Augustus** | |
| Elsa van Deventer | 082 430 8958 |
| **Dinsdag 25 Augustus** | |
| Leonard de Jager | 082 558 7310 |
| Lana de Klerk | 082 460 4221 |
| **Woensdag 26 Augustus** | |
| Jaleel Billet | |
| Lienkie du Plessis | 072 228 4512 |
| Maxie Laubscher | 072 202 1060 |
| Tanya Steyn | 012 804 2690 |
| Lizette Swanepoel | |
| Marius Wessels | 083 603 1984 |
| **Donderdag 27 Augustus** | |
| Koos Bothma | 012 804 6381 |
| Christo Gertzen | 061 221 1440 |
| Alouise Jamneck | 012 804 6033 |
| Wielligh Meyer | 012 804 9171 |
| **Vrydag 28 Augustus** | |
| Roche Bernard | 012 804 4840 |
| Colley de Lange | |
| JG Janse van Rensburg | |
| Marietjie Visser | |
| **Saterdag 29 Augustus** | |
| Deon de Bruyn | 082 442 2485 |
| Annelise Gunning | 060 986 2992 |
| Duane Morton | 072 231 6342 |
| Rikus Venter | 071 479 2114 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

# Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Johan Venter (Familie van Ma Max)


**OPERASIES**
Seun

**AFSTERWE**
Johann Gresse se Moeder

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Talita en Francois Moller

**GEBOORTES**
Lize en Alexis Kok - Mienke Kok (20/08/20)

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
emosionele welstand van almal in on land




Silvertonkruin

Available in App Stores

SUBSPLASH

**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

# Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™